

# **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

## **Graad 4**

**By:**

Siyavula Uploaders



# **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

## **Graad 4**

**By:**  
**Siyavula Uploaders**

**Online:**  
 [< http://cnx.org/content/col11085/1.1/ >](http://cnx.org/content/col11085/1.1/)

**C O N N E X I O N S**

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>).

Collection structure revised: September 17, 2009

PDF generated: February 6, 2011

For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 39.

## Table of Contents

<b>1 Kwartaal 1</b>	
<b>1.1</b>	Noodsaaklike behoeftes en luukses .....
<b>1.2</b>	Hoe ek noodsaaklike artikels kan bekom .....
<b>2 Kwartaal 2</b>	
<b>2.1</b>	Die Entrepreneur .....
<b>2.2</b>	Dienslewering, vervaardiging en gebruik .....
<b>3 Kwartaal 3</b>	
<b>3.1</b>	Hoe die kafee bedryf word .....
<b>3.2</b>	Die kafee en kliente .....
<b>4 Kwartaal 4</b>	
<b>4.1</b>	Wat is 'n organisasie? .....
<b>4.2</b>	Soorte organisasies .....
<b>Attributions</b>	.....
	39



# Chapter 1

## Kwartaal 1

### 1.1 Noodsaaklike behoeftes en luukses<sup>1</sup>

#### 1.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 1.1.2 Graad 4

#### 1.1.3 HOE MENSE 'N BESTAAN VOER

#### 1.1.4 Module 1

#### 1.1.5 NOODSAAKLIKE BEHOEFTES EN LUUKSES




Figure 1.1

---

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25565/1.1/>>.

#### 1.1.5.1 Aktiwiteit 1

#### 1.1.5.2 Om noodsaaklike lewensmiddele te identifiseer [LU 1.1]

- (a) Jy reis per vliegtuig oor Noord-Afrika en die vliegtuig ontwikkel probleme met sy motore. 'n Noodlanding word uitgevoer. Die vliegtuig kom teen 'n hoë sandduin tot stilstand in die middel van die Sahara-woestyn. Niemand is ernstig beseer nie, maar al die passasiers en bemanning besef onmiddellik dat hulle deeglik sal moet beplan om te kan oorleef op die lewensmiddele wat hulle aan boord het.

Veronderstel jy en jou maats was onder die passasiers. Maak 'n lys van die lewensmiddele wat julle sal benodig ten einde 'n paar dae te kan oorleef in die woestyn:

### 1.1.5.3 Aktiwiteit 2

#### 1.1.5.4 Om luukshede te identifiseer [LU 1.1]

Julle het so pas gekyk na daardie dinge wat ons van dag tot dag nodig het om te kan oorleef. Dit is ons **noodsaaklike behoeftes** en vorm maar 'n klein deel van die dinge wat ons daagliks aankoop.

As jou ma jou egter sou toelaat om na die plaaslike groot winkelsentrum te gaan met R200 sakgeld, sal jou lys van items waarin jy belangstel beslis heelwat anders daar uitsien.

- (a) Kan jy miskien 'n paar dinge noem wat jy met jou geld sal koop?

Hierdie lysie is voorbeeld van **luukshede**. Dit is nie noodwendig artikels wat jy nodig het om te kan oorleef nie. Nee, dit is sommer lekker bederfgoed.

#### **1.1.5.5 Aktiwiteit 3**

#### **1.1.5.6 Om bewus te word van die verskil tussen noodsaklikhede en luukshede [LU 1.1]**

#### **1.1.5.7 (c)Sorteer die volgende lys artikels volgens die gegewe tabel:**

drafskoene  
 polshorlosie  
 1 liter melk  
 tandeborsel  
 platformsandale  
 goue oorbelle  
 hoofpynpille  
 skaatsplank  
 haarsjampoe  
 trui  
 huis  
 nuwe motor  
 water  
 lekkergoed  
 swembad

Noodsaklike behoeftes	Luuukshede
1.	1.
2.	2.
3.	3.
4.	4.
5.	5.
6.	6.
7.	7.
8.	8.
9.	9.
10.	10.
11.	11.
12.	12.

**Table 1.1**

#### **1.1.5.8 (d)Groepwerk**

Jy beoefen sport na skool en jou ma gee vir jou R10 om iets by die snoepwinkel te koop na die oefening. Die volgende is moontlike opsies:

vrugtesap R2,50  
 roomys R4,50  
 pakkie lekkers R2,00  
 aartappelskyfies R2,50  
 2 suigstokkies R1,00  
 3 koekies R1,00

### 1.1.6 Is die items wat julle gekies het, basiese behoeftes? Sou jy daarsonder kon oorleef?

Dink jy die mens sal tevrede wees, indien daar elke dag net in sy/haar noodsaaklike behoeftes voorsien word? Waarom?

#### 1.1.6.1 Aktiwiteit 4

##### 1.1.6.2 Om noodsaaklike daaglikse artikels te identifiseer [LU 1.1]

##### 1.1.6.3 (e) Maak 'n lys van noodsaaklike artikels waarsonder jy nie een dag in jou lewe kan klaarkom nie:

---



---



---



---



---

Alle mense se behoeftes is nie dieselfde nie. So kry ons byvoorbeeld die Khoi en San wat onder totaal ander omstandighede as die moderne mens leef. Probeer nou saam met jou maat 'n lys van 'n San- of Khoi-gesin se basiese behoeftes saamstel.




Figure 1.2

---

#### 1.1.6.4 Assessering

##### 1.1.6.5 LEERUITKOMS 1: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP

Die leerder is in staat om kennis en begrip van die ekonomiese kringloop binne die konteks van "die ekonomiese probleem" te toon.

#### 1.1.6.5.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die rol van lede van huishoudings beskryf as verbruikers en produsente in die proses van "behoefte-bevrediging".

### **1.1.6.6 Memorandum**

Bladsy 1

- (a) Die leerder moet kan onderskei tussen noodsaaklike behoeftes en luukses aan die hand van 'n skets waarin 'n noodgeval uitgebeeld word.

Bladsy 2

- (a) 'n Bekende situasie word gebruik om te illustreer dat die mens daarna streef om veel meer as net basiese behoeftes te bevredig.

Bladsy 3

- (a) Alledaagse artikels word geklassifiseer as noodsaaklike behoeftes of luukses.

Bladsy 4

- (a) Die leerder identifiseer die noodsaaklike artikels in sy/haar daagliks bestaan.

Bladsy 4

- (e) Tref 'n vergelyking tussen dit wat ons as basiese behoeftes beskou, en die basiese behoeftes van die Khoiwa.

## **1.2 Hoe ek noodsaaklike artikels kan bekom<sup>2</sup>**

### **1.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

#### **1.2.2 Graad 4**

#### **1.2.3 HOE MENSE 'N BESTAAN VOER**

#### **1.2.4 Module 2**

#### **1.2.5 HOE EK NOODSAAKLIKE ARTIKELS KAN BEKOM**

**1.2.5.1 (a)Vroeër het mense nie dieselfde behoeftes gehad as die hedendaagse mens nie. Die meeste mense het die grond bewerk, saad gesaai, geoes, hul eie diere geslag wanneer hulle vleis nodig gehad het en so probeer om in hul eie behoeftes te voorsien.**

Party boere het net genoeg geproduseer om in hul eie gesinne se behoeftes te voorsien, terwyl ander weer te veel produkte gehad het. Só kon twee boere wat elkeen 'n surplus (te veel) gehad het, dan bymekaarkom om hul produkte uit te ruil.

Dit was alles goed en wel om byvoorbeeld twee koolkoppe vir een dosyn eiers te ruil, maar wanneer jy byvoorbeeld 'n koei en eiers wou ruil, was dit 'n probleem. Hoeveel eiers kan jy nou ruil vir een koei? Jy het ook nie soveel eiers op een slag nodig nie!

#### **1.2.5.2 (b)Die behoefté aan 'n betaalmiddel, geld, het ontstaan.**

Daar is twee maniere om dit wat jy nodig het, te bekom:

- jy kan iets anders daarvoor ruil;
- jy kan met geld daarvoor betaal.

Vroeër het die mense standaarditems, byvoorbeeld skulpe, tiervelle, diamante, koper, goud, ens. gebruik as betaalmiddel.

---

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25569/1.1/>>.

### 1.2.5.3 Aktiwiteit 1

#### 1.2.5.4 Om die Suid-Afrikaanse munte en note te identifiseer [LU 1.1]

1.2.5.5 (c) Dra jy kennis van die geldeenhede wat in Suid-Afrika gebruik word? Kyk of jy 'n lys kan maak van al die verskillende munte en note:

Munte	Note

Table 1.2

### 1.2.5.6 (d) Waar kom geld vandaan?

Mense moet werk om vir kos, klere en ander basiese behoeftes te kan betaal. Wanneer jy **werk**, verdien jy 'n salaris. Jy is deur iemand in diens geneem en het dan 'n **inkomste**.

Nie alle mense werk vir ander mense om 'n **salaris** te verdien nie. Sommiges het hul eie besigheid en werk vir hulself. Hulle besit byvoorbeeld 'n kafee, smous met handgemaakte produkte, het 'n eie mediese praktyk, ens.

Wanneer iemand nie 'n inkomste genereer deur te werk nie, is so 'n persoon **werkloos**. Lede van 'n gesin probeer altyd om met behulp van die geld wat hulle verdien, die kwaliteit van hul lewenstandaard te verbeter. Hoe meer geld 'n gesin verdien, hoe beter kan hulle lewe.

### 1.2.6 Noodsaaklike behoeftes

Die "produkte" wat die mens nodig het om te oorleef, kan in twee hoofgroepe verdeel word:

- gebruiksartikels
- dienste

1.2.7 Dienste word deur ander mense aan jou gelewer in ruil vir geld. So lewer die dokter 'n diens wanneer hy/sy jou ondersoek om die oorsaak van jou pyn en lyding vas te stel. Wanneer jy met 'n taxi of bus reis, lewer die bestuurder 'n diens deur jou van een punt na 'n ander te vervoer.

**Gebruiksartikels** is daardie produkte wat mense van dag tot dag gebruik, byvoorbeeld kos, skoonmaakkmiddels, medisyne, ens.

### 1.2.7.1 Aktiwiteit 2

### 1.2.7.2 Om te onderskei tussen gebruiksartikels en dienste [LU 1.1]

(e) **Groepwerk:** Bestudeer die skets op die volgende bladsy en maak 'n lys van alle dienste en gebruiksartikels wat aan die kliënt gelewer word.



**Figure 1.3**

Dienste	Gebruiksartikels

**Table 1.3**

### 1.2.8 Assessering

### 1.2.9 LEERUITKOMS 1: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP

Die leerder is in staat om kennis en begrip van die ekonomiese kringloop binne die konteks van "die ekonomiese probleem" te toon.

#### 1.2.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die rol van lede van huishoudings beskryf as verbruikers en produsente in die proses van "behoefte-bevrediging".

**1.2.10 Memorandum****1.2.10.1 Bladsy 1**

- (a) en (b) ‘n Kort oorsig oor die rede waarom ‘n betaalmiddel noodsaaklik geword het en hoe geld as betaalmiddel ontstaan het.

Bladsy 1

(c) Toets leerders se kennis van Suid-Afrikaanse geld.

Bladsy 2

(d) Kort oorsig oor die bron van inkomste, asook ‘n verwysing na diegene wat geen inkomste het nie.

Bladsy 3

(e) Noodsaaklike behoeftes klassifiseer as gebruiksartikels of dienste.

# Chapter 2

## Kwartaal 2

### 2.1 Die Entrepreneur<sup>1</sup>

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Graad 4

HOE MENSE 'N BESTAAN VOER

Module 3

DIE ENTREPRENEUR

Soos ons in die eerste twee modules gesien het, probeer alle mense hul lewenstandaard so hoog as moontlik maak. Om dit te kan doen, moet hulle geld verdien deur te werk. Sommige mense weet reeds van kleins af watter werk hulle eendag wil doen, terwyl ander eers ná skool voor hierdie groot en belangrike besluit te staan kom. Weet jy reeds watter beroep jy eendag wil beoefen?

Hier is 'n paar voorbeelde:

Indien jy daarvan hou om met jou hande te werk en in masjiene belangstel, kan jy die volgende moontlikhede oorweeg:

'n ingenieur

'n motorwerktuigmindige




Figure 2.1

As jy dalk van plante hou:

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25941/1.1/>>.

‘n bloemiste  
bestuurder van jou eie kwekery  
plaasvoorman  
botanis

---



Figure 2.2

---

Of van syfers:  
bankteller  
klerk  
aktuaris  
rekenmeester

---




Figure 2.3

---

Fassineer die wetenskap jou: ‘n wetenskaplike  
laboratoriumassistent  
apteker  
mediese dokter  
Daar is vele meer.  
Soos ons reeds bespreek het, werk alle mense nie vir groot firmas nie. Baie besluit om hul eie besighede  
te begin. Hulle word entrepreneurs genoem.

### 2.1.1 Entrepreneurskap

Ons land benodig entrepreneurs. Die regering en die eienaars van groter besighede kan nie aan alle inwoners van ons land werk voorsien nie. Mense moet hul eie werk skep en hulle eie talente gebruik om werkgeleenthede vir hulself en ook ander te skep.

Om vir jouself te werk, hou baie voordele in. Kan jy aan 'n paar dink? Bespreek dit gerus eers in die kleiner groepe.

---

---

---

---

---

---

Ja, as entrepreneur kan jy:

- vir jouself werk;
  - werk wanneer jy wil;
  - jou talente en vaardighede tot voordeel van jouself gebruik;
  - ondervinding in jou belangstellingsrigting opdoen;
  - goeie geld verdien, indien jy jou besigheid reg bestuur.

Jy moet bereid wees om hard te werk en jou besigheid reg te bestuur ten einde 'n sukses daarvan te maak.

## 1. Voorbeeld van ‘n entrepreneur

## Aktiwiteit 1

Om te leer hoe wins gemaak word {LU 4.2, 4.3}

Sonja is 'n graad 4-leerder wat daarvan hou om haar eie sierpapier te maak. Sy verkoop dit dan by haar skool se markdag en maak ook spesifieke tipes papier op bestelling. Sonja het geld by haar ma geleen om haar eerste benodigdhede aan te koop.

Kom ons help Sonja om te besluit of haar "besigheid" die moeite werd is, en of sy genoeg geld daaruit gaan verdien.

Vir 100 yelle skryfpapier benodig sy:

6 rolle toilet papier @ ± R1.45 per rol

2 filtreerlappe @ ± R0,60 per lappie

water

$\frac{1}{2}$  koppie Jik @ ± R0,50

Sy verpak die papier in pakkies van 10 velle met koeverte, wat sy ook van die papier maak. Sy vra R5 vir een pakkie wat ook met 'n lint (50c) versier is.

- (a) Wat kos dit haar om 100 velle papier met koeverte te maak en in pakkies van 10 te verpak?

.....

- (a) Watter bedrag ontvang sy, indien sy al 10 pakkies verkoop?

.....

- (a) Het sy enige geld oor nadat sy aan haar ma die geld terug betaal het wat sy aan die begin geleent het? Hoeveel het sy oor?

Dit wil voorkom asof Sonja heel goed kan vaar met haar besigheid, indien sy alles goed beplan. Sou jy nie ook graag 'n entrepreneur wil word nie?

### 2.1.2 2.Kompetisie

Besighede streef daarna om produkte en dienste te lewer wat deur die verbruikers benodig word. So is daar byvoorbeeld 'n bakker wat brood voorsien, 'n kettingwinkel wat kos verkoop, 'n klerewinkel waar ons die nodige kledingstukke kan bekom, ens. Maar wat gebeur as daar meer as een bakker, kettingwinkel, klerewinkel, ens. is?

Die onderskeie besighede kompeteer met mekaar deur hul produkte en/of prysse so aantreklik moontlik te maak om jou, die verbruiker, te lok. Elke besighheid moet die verbruiker probeer oortuig dat sy produk beter, goedkoper en miskien meer in die mode is as die ander besighheid s'n.

Kom ons neem brood as voorbeeld. Die volgende twee besighede verkoop albei brood. Hoe gaan jy besluit waar om te koop?



Figure 2.4

Skryf 'n paar redes neer om jou keuse te motiveer.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

### 2.1.3 3.Advertensies

It is belangrik vir die produsent om sy produk aan jou, die verbruiker, bekend te stel. Hy kan dit doen deur middel van advertensies in tydskrifte, koerante, oor die radio, op televisie, plakkate, advertensieborde en selfs deur middel van pamflette in ons posbusse. Soms is die advertensies so uitlokkend dat ons produkte koop wat ons nie eintlik nodig het nie.

Aktiwiteit 2

Om die eienskappe van goeie advertensies te ondersoek [LU 4.1]

- (a) Gesels in julle groepe oor die eienskappe van goeie advertensies. Wat is dit wat jou aandag trek/nie trek nie?

.....  
 .....

### Aktiwiteit 3

Om tussen minder en meer suksesvolle advertensies te onderskei [LU 3.2]

- (a) Versamel 'n klomp verskillende soorte advertensies uit verskillende bronne en onderskei tussen minder en meer suksesvolle advertensies. Voer redes aan vir jou besluit.

#### Meer suksesvol

.....  
 .....

#### Redes

.....  
 .....

#### Minder suksesvol

.....  
 .....

#### Redes

.....  
 .....

Ontwerp nou 'n advertensie vir enige nuwe produk op die mark waarmee jy wil seker maak dat die verbruiker dit beslis sal oorweeg.

#### Assessering

#### LEERUITKOMS 3: BESTUURS-, VERBRIUKERS- EN FINANSIEËLE KENNIS EN VAARDIGHEDEN

Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

#### Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.2 drie verskillende soorte plaaslike sakeondernemings onderskei.

#### LEERUITKOMS 4: ENTREPRENEURSKENNIS EN -VAARDIGHEDEN

Die leerder is in staat om entrepreneurskennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.

#### Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- identifiseer verskillende eienskappe (bevoegdhede en talente) van entrepreneurs;
- verduidelik hoe entrepreneurs arbeid (werk), kapitaal (geld, masjinerie (gereedskap) en natuurlike hulpbronne (grondstowwe) combineer om wins te maak;
- onderskei tussen die entrepreneursaksies van koop, verkoop en produseer.

#### Memorandum

#### Entrepreneurskap

**Bladsy 1:** 'n klasgesprek: Wat ek eendag wil word.

**Bladsy 2:** Om vir jouself te werk het baie voordele (en ook nadele). Maak 'n lys van die voor- en nadele, bv. na 'n klas/groepsgesprek.

**Bladsy 3:** Bestudeer die voorbeeld van Sonja as 'n entrepreneur en besluit of sy genoeg wins gaan maak met haar sierpapier. Onthou dat sy vir elke vel skryfpapier ook 'n vel nodig het vir 'n koevert. Uit 100 velle kan sy slegs vyf pakkies met tien velle en tien koeverte maak.

**Bladsy 4:** Leerders word opnuut bewus gemaak van die feit dat verskillende besighede met mekaar kompeteer ten einde die kliënt te oortuig om by hom/haar te koop. Deur vergelykings te tref besluit hulle waarom hulle 'n spesifieke bakker gekies het.

Bladsy 5 en 6: Laat leerders tydskrifte fynkam en advertensies versamel wat hul aandag trek. Bied dan terugvoering aan die klas en maak 'n lys van eienskappe van advertensies wat die oog/verbeelding prikkel.

Knip dan voorbeelde van sulke treffende advertensies uit en voer redes aan waarom daarop/daarteen besluit is.

## 2.2 Dienslewering, vervaardiging en gebruik<sup>2</sup>

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Graad 4

HOE MENSE 'N BESTAAN VOER

Module 4

DIENSLEWERING, VERVAARDIGING EN GEBRUIK

1. Die openbare- en privaatsektor

Die instansies wat dienste lewer, kan in twee groepe verdeel word:

### 2.2.1 (a) Die openbare sektor

Hiermee verstaan ons al die besighede wat deur die staat befonds en bestuur word. Die staat is hoofsaaklik verantwoordelik vir dienste soos onderwys (skole), gesondheid (hospitale) en veiligheid (polisie), maar lewer ook dienste soos telekommunikasie (Telkom) en vervoer (Transnet). Hierdie sektor lewer elke dag 'n groot klomp dienste waarvoor hulle baie geld benodig, en dit is waarom die inwoners van die land belasting moet betaal op hul inkomste en produkte wat gekoop word. Hierdie belasting moet dan aan die regering oorhandig word. Gesels 'n bietjie met jou ouers oor die gedeelte van hul inkomste wat hul maandeliks/jaarliks aan die staat moet afstaan vir inkomstebelasting. Dan word daar ook belasting betaal op die meeste verbruiksartikels wat ons koop (BTW).

(b) Die privaatsektor

Dit is die individue en groepe wat hul eie besighede besit. Dit sluit in privaathospitale, privaatskole, winkels, vervoernetwerke (SAL & taxi's), beskerming (gewapende reaksiegroepe), ens.

Aktiwiteit 1

Om tussen die openbare en privaatsektor te onderskei [LU 4.3]

- (a) Is jou skool deel van die openbare of privaatsektor?

- 
- (a) Watter van jou en jou gesin se daagliks behoeftes word deur die onderskeie sektore bedien?

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25905/1.1/>>.

	Privaatsektor	Openbare sektor
	Bv. vervoer	Bv. poswese
8.		

**Table 2.1**

(a) Wat is belasting?

Skryf voorbeeldneer van vervoer in jou omgewing en klassifiseer dit in die volgende tabelle:

	Openbare sektor	Privaatsektor

**Table 2.2**

## 2. Vervaardiging en verbruik

Alle huishoudings verbruik produkte. Daardie produkte moet deur die produsent geproduseer (vervaardig) word. Die bakkery bak brood sodat die huisgesin daagliks van hul stapelvoedsel voorsien kan word. Om die mens (verbruiker) se behoeftes te bevredig, moet die produsent besluit watter produkte om te produseer. Die verbruiker vra sekere goedere aan en die produsent bied dit dan aan – VRAAG en AANBOD. Hoe meer ons ‘n produk benodig, hoe groter word die vraag daarna. So is die vraag na kompakskyf spelers groter as die vraag na outydse draaitafels.

Die entrepreneur wat ‘n sukses van sy besigheid wil maak, moet derhalwe die mark (behoefte van die verbruiker) baie goed bestudeer om seker te maak dat dit wat hy/sy wil verkoop, in aanvraag is en goed kan kompeteer met soortgelyke produkte.

### Aktiwiteit 2

Om intreprenurskennis toe te pas [LU 4.4]

Bestudeer die volgende skets van ‘n skoolmarkdag en beantwoord die vrae:



Figure 2.5

---

1. Watter produkte op die skets word slegs een keer gebruik en dan nie weer nie?

.....  
.....  
.....  
.....

1. Watter produkte word herhaaldelik deur julle gesin gebruik?

.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....  
 1. Watter produkte is duidelik in aanvraag by julle gesinslede?

.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

1. Vir watter produkte is daar nie 'n groot aanvraag in julle gesin nie?

.....  
 .....  
 .....  
 .....

1. Watter produk mis jy op hierdie skets? Watter leemte is daar in die mark vir jou as 'n entrepreneur wat vinnig wil besigheid doen?

.....  
 .....  
 .....

Baie geluk!

Jy begin sommer al klaar dink soos 'n regte entrepreneur!!

In die volgende twee modules gaan ons kyk hoe jy 'n entrepreneur kan word.

Assessering

**LEERUITKOMS 4: ENTREPRENEURSKENNIS EN –VAARDIGHEDEN**

Die leerder is in staat om entrepreneurskennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.

## 2.2.2 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- onderskei tussen die entrepreneursaksies van koop, verkoop en produseer;
- neem deel aan 'n kermis of markdag by die skool en pas entrepreneurskennis en –vaardighede toe.

Memorandum

Bladsye 1 en 2

Onderskei tussen die openbare en privaatsektor aan die hand van voorbeeld uit leerders se eie lewe.

Neem die leiding.

Bladsye 3 en 4

Gesels inleidend oor die vraag-/aanbodkonsep. Maak dan afleidings oor die vraag na sekere artikels op 'n markdag.



# Chapter 3

## Kwartaal 3

### 3.1 Hoe die kafee bedryf word<sup>1</sup>

#### 3.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 3.1.2 Graad 4

#### 3.1.3 DIE KAFEE OP DIE HOEK

#### 3.1.4 Module 5

#### 3.1.5 HOE DIE KAFEE BEDRYF WORD


**3.1.5.1 Kom ons gaan loer in by die kafee op die hoek.**

**3.1.5.2 A.Besigheidsperseel**

Het jy al ooit gewonder waarom die kafee-eienaar besluit het om ‘n kafee huis in die middel van ‘n woonbuurt te begin?

---

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26434/1.1/>>.

**Figure 3.1****3.1.5.3 Aktiwiteit 1****3.1.5.4 Om te besin oor die voor- en nadele van 'n kafee in 'n woonbuurt [LU 1.3]**

Gesels gou in jou kleiner groepe oor die voordele en nadele van 'n kafee wat in 'n woonbuurt geleë is en skryf dit dan in die volgende tabel neer.

Voordele	Nadele

**Table 3.1****3.1.5.5 B. Voorraad****3.1.5.6 Wat wil jy hê moet op die rakke van jou kafee op die hoek wees?**

Lekkergoed, koeldrank, tydskrifte, vars pasteie elke dag, roomyse en vele meer. Jou ma en pa het weer heel ander behoeftes as jy. Pa hoop om elke dag die koerant daar te koop, terwyl Ma gedurig daar moet stop vir brood en melk. En wat van daardie keer toe Ma gaste vir ete gekry het en daar nie genoeg rys in die huis was nie!

Ja, die kafee is baie belangrik as dit kom by daardie verbruiksartikels wat ons van dag tot dag nodig het.

### 3.1.5.7 Aktiwiteit 2

#### 3.1.5.8 Om bewus te raak van die behoefte aan verbruiksgoedere [LU 1.1]

Maak 'n lys van artikels wat jy en jou gesin gereeld by die plaaslike kafee koop.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....

#### 3.1.5.9 Hoe bekom die kafee-eienaar sy voorraad?

#### 3.1.5.10 Wie voorsien die kafee van sy voorraad en hoe gereeld?

#### 3.1.5.11 Aktiwiteit 3

#### 3.1.5.12 Om te verstaan dat die aflewering van voorrade nodig is om in die verbruiker se behoeftes te voorsien [LU 1.1]

Gesels in julle groepe hieroor en gee terugvoering aan die klas.

'n Kafee op die hoek is gewoonlik redelik ver uit die **sentrale sakekern** geleë. Die eienaar is afhanklik van afleweringsvoertuie wat sy voorraad aflewer. Sommige voorraad (**bederfbaar**) moet gereeld aangevul en vervang word, terwyl die **nie-bederfbare** voorraad slegs volgens behoefte aangevul word. Dit is byvoorbeeld nie nodig om elke dag vars lekkergoed en blikkieskos aan te vul nie.

Besoek jou plaaslike kafee en maak 'n lys van bederfbare en nie-bederfbare produkte wat ons gewoonlik op die rakke aantref.



Figure 3.2

Bederfbaar	Nie-bederfbaar

**Table 3.2**

Die kafee-eienaar kan óf sy voorraad laat aflewer, óf dit self na sy besigheid aanry. Daar is egter sekere produkte wat jy en jou gesin graag elke dag vars wil koop en daarom is dit belangrik dat dit van dag tot dag op die perseel vervaardig moet word. Só bak hulle byvoorbeeld elke dag vars brood en pasteie vir die klante.

#### **3.1.5.13 Wat gemaak met die voorraad wat nie meer vars is nie?**

Het jy al ooit gewonder wat doen die eienaar met die vrugte en groente (**bederfbarevoorraad**) wat van dag tot dag minder vars en onbruikbaar raak?

#### **3.1.5.14 C.Personeel**

Wanneer jy weer jou plaaslike kafee besoek, maak 'n punt daarvan om uit te vind hoeveel mense in diens van die kafee is, watter skofte hulle werk en wat elkeen se taak presies behels. Die bakker sal byvoorbeeld in die kombuis wees, terwyl die assistente die kasregisters beman. Daar behoort ook altyd 'n bestuurder aan diens te wees.

#### **3.1.5.15 Aktiwiteit 4**

##### **3.1.5.16 Om meer te leer van die bestuur van 'n besigheid [LU 4.2]**

Kyk nou of jy die volgende tabel kan voltooi:

Personeellid	Posbeskrywing	Ure
Bv. Bestuurder	Beheer al die afdelings van die besigheid	08:00 – 17:00 Hy moet egter altyd beskikbaar wees vir enige noodgeval.
<i>continued on next page</i>		

**Table 3.3**

### **3.1.5.17 D. Toerusting:**

### 3.1.5.18 Aktiwiteit 5

### 3.1.5.19 Om begrip te kry van hoeveel uitrusting in 'n kafee benodig word [LU 3.2]

Bestudeer die volgende vloerplan van 'n tipiese kafee en kyk dan of jy al die nodige toerusting kan identifiseer:




Figure 3.3

Toerusting

Table 3.4

Daar is ook baie aktiwiteite wat agter die “skerms” in ‘n kafee plaasvind. Vra gerus die bestuurder of jy as deel van jou navorsing met jou volgende besoek die koelkamers en stoorkamers mag besoek.

### 3.1.6 Assessering

#### 3.1.7 LEERUITKOMS 1: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP

Die leerder is in staat om kennis en begrip van die ekonomiese kringloop binne die konteks van “die ekonomiese probleem” te toon.

### **3.1.7.1 Assesseringstandaard**

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die rol van lede van huishoudings beskryf as verbruikers en produsente in die proses van “behoefte-bevrediging”;

1.3 die rol van formele en informele sake-ondernehemings in ‘n samelewing beskryf.

### **3.1.8 LEERUITKOMS 3: BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIEËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE**

Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

#### **3.1.8.1 Assesseringstandaard**

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.2 drie verskillende soorte plaaslike sakeondernemings onderskei.

### **3.1.9 LEERUITKOMS 4: ENTREPRENEURSKENNIS EN –VAARDIGHEDE**

Die leerder is in staat om entrepreneurskennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.

#### **3.1.9.1 Assesseringstandaard**

Dis duidelik wanneer die leerder:

- verduidelik hoe entrepreneurs arbeid (werk), kapitaal (geld, masjinerie (gereedskap) en natuurlike hulpbronne (grondstowwe) combineer om wins te maak.

### **3.1.10 Memorandum**

Bladsy 1

Na afloop van ‘n klasgesprek oor “die kafee op die hoek”, maak die leerders ‘n lys van die voor- en nadele daarvan.

Bladsy 2 en 3

Die leerders voltooi hierdie selfaktiwiteit aan die hand van sy/haar persoonlike ervarings.

Bladsy 4

Miskien kan die leerders onderhoude gaan voer met die personeel van die plaaslike kafee om meer uit te vind oor hul posbeskrywings en werkure.

#### **3.1.10.1 Bladsy 5**

Met hierdie aktiwiteit probeer ons die leerders bewus maak van die geweldige verskeidenheid toerusting wat nodig is ten einde ‘n kafee suksesvol te bestuur. So moet daar mengers, oonde en koelrakke in die bakkery wees, yskaste vir koue voorraad, rakke, ens.

## 3.2 Die kafee en kiente<sup>2</sup>

### 3.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 3.2.2 Graad 4

#### 3.2.3 DIE KAFEE OP DIE HOEK

#### 3.2.4 Module 6

#### 3.2.5 DIE KAFEE EN KLIËNTE

Enige goeie sakeman of –vrou sal probeer om sy of haar kliënte/klante gelukkig te hou deur na hulle belangte sien. Daar is verskeie aspekte waarop die besigheidseienaar moet let.

##### 1. Veiligheidsmaatreëls en higiëne

Die winkeleienaar moet nie alleen die **veiligheid** van sy personeel verseker nie, maar ook dié van sy klante. Hy moet probeer voorkom dat iemand beseer word deur byvoorbeeld aan te duis wanneer vloere nat is en klante kan gly. Indien ‘n werker of ‘n klant op die perseel beseer word, moet die nodige noodhulp toegepas kan word.

Kafees is ook dikwels die teiken van gewapende rooftogte. Wat kan die eienaar doen ten einde sy personeel en klante in ‘n mate daarteen te beskerm? (Groepwerk)

‘n **Skoon** winkel maak dat ons sommer makliker daar sal koop. Die vloere moet blink en daar moenie vlieë wees nie. Die personeel moet netjies voorkom en die voorraad moet aantreklik uitgestal wees. Een negatiewe ervaring deur ‘n kliënt kan veroorsaak dat hy nie weer die betrokke onderneming besoek nie.



**Figure 3.4**

##### 1. Dientoonbank

Dit is sekerlik die kern van al die aktiwiteite in ‘n kafee. Die dientoonbank word ook gewoonlik by die ingang of uitgang van die kafee aangetref en daar moet te alle tye iemand aan diens wees.

##### 3.2.5.1 Aktiwiteit 1

##### 3.2.5.2 Om ‘n lys te maak van dienste wat in ‘n besigheid gelewer kan word [LU 4.2]

Kyk of jy en jou maat ‘n lys kan maak van ‘n paar dienste wat by die dientoonbank gelewer word.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26435/1.1/>>.

Ja, dit is **hier** waar alle betaalwerk geskied. Dit is ook **hier** waar ons byvoorbeeld elektrisiteitsrekenings kan betaal en Lotto-kaartjies kan koop, rokers hulle sigarette kan kry en vrugte en groente dikwels geweeg word. Dit is dan ook rondom die dientoonbank waar die veiligheidsmaatreëls die doeltreffendste moet wees.

**Wat dink jy doen die bestuurder met groot hoeveelhede kontant op die perseel? Ry hy elke uur bank toe daarmee?** (Dinksrum)



**Figure 3.5**

### 1. Advertensies

Hoeveel kafees is daar in die omgewing van jou huis?

Indien jy nou teruggaan na die eerste module, sal jy die rede vind waarom besighede hulle dienste en produkte moet adverteer. Ja, hulle moet kompeteer met ander besighede rondom hulle.

#### 3.2.5.3 Aktiwiteit 2

#### 3.2.5.4 Om ‘n advertensie te ontwerp [LU 4.3]

Dink jy dit is nodig vir die kafee op die hoek om sy produkte te adverteer?

Bespreek gerus hierdie vraag in julle klein groepe en gee terugvoering aan die klas. Onthou om jou antwoord met goeie redes te staaf.

Ontwerp nou ‘n advertensie vir die plaaslike koerant waarin jy die kafee wat so pas in jou omgewing oopgemaak het, adverteer.

### 1. Behoeftes van die klant

Dit is die eienaar se hoofdoel: **om in die behoeftes van sy klante te voorsien**.

Wie is sy klante? Ja, dit is die inwoners van die woonbuurt wat grens aan die kafee, sowel as besoekers aan die woonbuurt.

Elke gesin benodig daagliks ‘n verskeidenheid produkte en dienste om te kan oorleef. Sommige produkte moet elke dag aangevul word, soos

brood en melk, terwyl ander produkte minder gereeld bekom moet word. Die kafee moet voorsiening maak vir hierdie van-dag-tot-dag behoeftes (dit is die **SNELBAAN**), sowel as vir die minder gereelde aankope (die **STADIGE BAAN**). Sommige voorraad sal dus langer op die winkelrak bly lê as ander.

#### 3.2.5.5 Aktiwiteit

#### 3.2.5.6 Om te probeer vasstel hoe die eienaar sy voorrade kategoriseer [LU 4.2]

Julle kan nou gerus as ‘n klas die plaaslike kafee besoek en ‘n lys maak van artikels in die onderskeie kategorieë.

SNELBAAN	STADIGE BAAN

**Table 3.5**

Watter lys is die langste?

---

**Figure 3.6**

- 
- a) Vind ons enige bederfbare produkte in die stadige baan? Waarom nie?
  
  - a) Hoe vergelyk die pryse van die produkte in die stadige baan met dié van soortgelyke produkte in groter supermarkte? Kan jy aan 'n moontlike verklaring hiervoor dink?




Figure 3.7

### 3.2.6 Assessering

#### LEERUITKOMS 3: BESTUURS-, VERBRIUKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.2 drie verskillende soorte plaaslike sakeondernemings onderskei.

#### LEERUITKOMS 4: ENTREPRENEURSKENNIS EN –VAARDIGHEDE

Die leerder is in staat om entrepreneurskennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- verduidelik hoe entrepreneurs arbeid (werk), kapitaal (geld, masjinerie (gereedskap) en natuurlike hulpbronne (grondstowwe) combineer om wins te maak.

4.3 onderskei tussen die entrepreneursaksies van koop, verkoop en produseer.

### 3.2.7 Memorandum

#### 3.2.7.1 Bladsy 1

Fasiliteer 'n klasgesprek rondom die veiligheid/gevare binne 'n kafee.

Bladsy 1

Leerders kan tydens 'n besoek aan die kafee die verskeidenheid dienste by die dientoonbank monitor en 'n lys maak. Hier word koepsels vir elektrisiteit, lotto-kaartjies, sigarette, gas en vele meer verkoop, en die kasregister word beman.

### Bladsy 2

Maak leerders opnuut bewus van die element van kompetisie en motiveer hulle om ‘n advertensie te ontwerp wat fokus op die goeie hoedanighede van die kafee wat hulle bemark.

#### 3.2.7.1.1 Bladsy 3 en 4

- Gesels oor die konsepte “Fast and Slow Lane” en maak seker dat die leerders ‘n goeie begrip daarvan het.
- Gedurende hul besoek aan die kafee maak die leerders ‘n lys van artikels wat volgens hulle as “fast lane” of “slow lane” -artikels geklassifiseer kan word.
- Dit is belangrik dat die opvoeder hom/haar deeglik vergewis van die inhoud van die module sodat die leerders duidelike riglyne kan ontvang i.v.m. watter inligting hulle moet versamel tydens hul besoek aan die kafee.

# Chapter 4

## Kwartaal 4

### 4.1 Wat is 'n organisasie?<sup>1</sup>

4.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

4.1.2 Graad 4

4.1.3 ORGANISASIE EN BESTUUR

4.1.4 Module 7

4.1.5 WAT IS 'N ORGANISASIE?



Figure 4.1

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25901/1.1/>>.

Dis reg. Ons kan “**ORGANISASIE**” spel deur al elf letters te gebruik!

Nou kom ons by die maklike deel.... **Wat is ‘n organisasie?**

#### 4.1.5.1 Aktiwiteit 1

##### 4.1.5.2 Om ‘n organisasie te definieer [LU 3.1]

###### A. Groepwerk

Gesels in jul groepe en kyk of julle ‘n kort definisie vir ‘n organisasie kan skryf.

Hou nou ‘n kort klasbespreking oor almal se bydraes en formuleer ‘n klasdefinisie.

Behoort jy aan enige organisasies?

Indien ja, hoeveel mense behoort aan hierdie organisasie?

Behoort jou ouers / familie aan enige organisasies?

B. Hier volg ‘n paar voorbeelde van organisasies:

1. Ouer- en Onderwysersvereniging
2. Raad van Verteenwoordigers
3. Gereformeerde Kerk
4. ANC
5. Nasionale Krieketraad
6. Instituut vir Dwelmverslawing
7. Senior Burgers-Hulpfonds
8. Aartappelprodurente Vereniging
9. Suid-Afrikaanse Lugdiens
10. Internasionale Rugbyraad
11. Elandspark Laerskool

Ek is seker jou begrip van die term “organisasie” raak al beter.

#### 4.1.5.2.1 Aktiwiteit 2

##### 4.1.5.2.2 Om oor die eienskappe van ‘n organisasie na te dink [LU 3.1]

C. Deur nou die lys met voorbeelde in gedagte te hou, kyk of julle in jul groepe ‘n paar eienskappe van ‘n organisasie kan neerskryf:

Kyk of julle die volgende eienskappe op julle lys het:

‘n **ORGANISASIE** is ‘n groepering van mense wat...



**Figure 4.2**

gewoonlik dieselfde voel oor ‘n spesifieke saak;



**Figure 4.3**

‘n gemeenskaplike doel voor oë het ( ‘n doel wat vir almal geld);

**Figure 4.4**

volgens spesifieke reëls en regulasies funksioneer, en

**Figure 4.5**

‘n eie unieke naam het.

D. Gebruik nou alle inligting wat jy sover oor ‘n ORGANISASIE versamel het en bespreek die volgende stelling krities (m.a.w. sê of dit waar of onwaar is en gee redes vir jou antwoord):

“My gesin is ‘n organisasie.”

#### **4.1.5.2.3 E.Gevallestudie**

MY SKOOL - ‘N ORGANISASIE

#### **4.1.5.2.4 Aktiwiteit 3**

##### **4.1.5.2.5 Om oor jou skool as organisasie te dink [LU 3.2]**

Beantwoord die volgende vrae oor jou skool as ‘n organisasie.

- Wat is die naam van die organisasie?
- Hoeveel mense behoort aan die organisasie?
- Wat is die hoofdoel van die organisasie?
- Hoeveel lede behoort aan die organisasie?
- Bestaan daar reëls binne die organisasie?
- Wat gebeur indien die lede die reëls oortree?
- Hoe voel jy as die organisasie op ‘n spesifieke terrein presteer?

F. Organisasie / Grondwet

Die reëls waarbinne ‘n organisasie funksioneer, word die **KONSTITUSIE** of **GRONDWET** genoem. Die grondwet sluit die volgende in:

- die naam van die organisasie;
- wat die organisasie probeer bereik;
- wie almal lede van die organisasie mag wees;
- hoe gereeld vergaderings gehou moet word;
- hoe die organisasie **bestuur** moet word.

### 4.1.6

#### 4.1.6.1 Die Grondwet van Suid-Afrika

Aan die begin van die 1990's het die politieke partye in ons land besluit dat Suid-Afrika 'n nuwe nasionale grondwet (stel reëls waarbinne almal in Suid-Afrika moet leef) nodig het. Hierdie nuwe grondwet is in 1994 saamgestel en ons eerste demokratiese verkiesing om 'n nuwe regering te verkies het ook in daardie jaar plaasgevind. Die grondwet se hoofdoel is om die regte van elke inwoner van die land te beskerm. Almal moet die reëls gehoorsaam - selfs die regering.

### 4.1.7 Aktiwiteit 4

#### 4.1.8 Om 'n grondwet vir die skool as organisasie te skryf [LU 3.1]

Probeer nou om 'n grondwet (stel reëls waarbinne die organisasie funksioneer) vir jou skool as 'n organisasie te skryf.

### 4.1.9 Assessering

#### LEERUITKOMS 3: BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.1 deelneem aan die bestuur van 'n klasprojek (beplanning, organisering, leiding en beheer);
- 3.2 drie verskillende soorte plaaslike sakeondernemings onderskei.

### 4.1.10 Memorandum

#### 4.1.10.1 Bladsy 1

- Na groepgesprekke word daar terugvoering gegee en as klas word 'n definisie van "organisasie" geformuleer (opvoeder fasilitateer).

#### 4.1.11 Bladsy 2

- Met behulp van voorkennis en inligting wat in hierdie module versamel word, word 'n lys van eienskappe van organisasies gemaak.

#### Bladsy 3

- Is hierdie stelling waar of onwaar? Gebruik eienskappe by bladsy 2 om dit te bepaal.

#### Bladsy 3

- Individueel of kleingroep. Opvoeder fasilitateer en verskaf antwoorde waar nodig.

#### Bladsy 4

- Leerders lys kortlik sêre van hul eie skool.

## 4.2 Soorte organisasies<sup>2</sup>

### 4.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### 4.2.2 Graad 4

### 4.2.3 ORGANISASIE EN BESTUUR

### 4.2.4 Module 8

### 4.2.5 SOORTE ORGANISASIES

#### 4.2.5.1 A.Nasionale en Internasjonale organisasies

Gevallestudie:

##### **Die SOS Kinderdorp ( Children's Villages )**

Die eerste SOS Kinderdorp is in 1949 deur Hermann Gmeiner in Imst, Oostenryk, gestig. Hy was begeesterd om kinders in nood te help: kinders wat hul ouerhuise verloor het, kinders wat hul sekuriteit en ouers gedurende die Tweede Wêreldoorlog verloor het. Met behulp van baie donateurs en vrywilligers het sy inisiatief gegroeи tot 'n wêrelwye organisasie wat kinders in nood help.

Dit is 'n onafhanklike, nie-regerings-, sosiale organisasie. Dit respekteer 'n verskeidenheid van godsdienste en kulture en funksioneer in lande en gemeenskappe waar hul missie kan bydra tot ontwikkeling. Hulle funksioneer volgens die Verenigde Nasies se Konvensie oor Kinderregte en poog om hierdie regte dwarsoor die wêreld te bevorder.

Hulle volg 'n gesinsbenadering wat op die volgende vier beginsels geskoei is:

- elke kind het 'n moeder nodig;
- elke kind ontwikkel meer natuurlik tussen broers en susters;
- die kind moet die veiligheid van 'n eie huiservaar;
- die huis moet geleë wees binne 'n ondersteunende gemeenskap (village).

Die eerste Suid-Afrikaanse SOS Kinderdorp is in 1983 in Ennerdale, naby Johannesburg, opgerig, en die tweede in 1986 in Mamelodi. Aan die begin was die kinderdorpe in swart gemeenskappe geleë, maar dit het later na gemengde areas uitgebrei, soos die een in Port Elizabeth. Daar is tans ses sulke kinderdorpe in Suid-Afrika met 'n sewende een wat beplan word in Mpumalanga.

#### 4.2.5.2 Aktiwiteit 1

#### 4.2.5.3 Om vrae oor die SOS Kinderdorpe te beantwoord [LU 3.2]

Beantwoord kortlik die volgende vrae nadat jy die gedeelte oor die SOS Kinderdorpe bestudeer het.

- Hoeveel SOS Kinderdorpe is daar in Suid-Afrika?

- .....
- Wanneer en deur wie is hierdie organisasie gestig?

- .....
- Watter groot wêreldgebeurtenis het aanleiding gegee tot die stigting?

- .....
- Hoe verkry die organisasie hul fondse?

---

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26441/1.1/>>.

- Watter vier beginsels word nagevolg by die huisvesting van kinders in die SOS Kinderdorpe?

Die **SOS Organisasie** is nie net beperk tot Suid-Afrika nie. Daar is SOS Kinderdorpe regoor die wêreld. So 'n organisasie wat wêreldwyd funksioneer, word 'n **internasionale** organisasie genoem. Daar bestaan baie organisasies wat slegs tot een land, bv. Suid-Afrika, beperk is (**nasionale** organisasies). Kan jy dalk aan 'n paar voorbeeld van internasionale organisasies dink?

Die **Rotariër Vereniging** is 'n voorbeeld. Gesels met jou ouers en opvoeder oor die spesifieke doel en werking van so 'n organisasie en skryf dan 'n kort paragraaf met spesifieke verwysing na die volgende aspekte:

- In watter lande is hulle werksaam?
- Wat is die hoofdoel van die organisasie?
- Hoe bekom hulle hul fondse?

KYK OF JULL KAN UITVIND WATTER ORGANISASIE DEUR DIE VOLGENDE SIMBOOL VERTEENWOORDIG WORD.

+

A. Hooftypes organisasies

#### 4.2.5.3.1 Daar is hoofsaaklik drie hooftypes organisasies.

VRYWILLIGE		WELSYNSORGANISASIE gemeenskapskasDIEN-SORGANISASIEbv. Rotariërs	Mense sluit uit vryewil by so 'norganisasie aan, omdat hulle in die aktiwiteite daarvan belangstel.
VERPLIGTE		Skool	Mense sluit by hierdie organisasies aan omdat hulle moet.
BESIGHEID		Winkel, bank, fabriek, ens.	Mense sluit by hierdie organisasies aan omdat dit hulle help om 'n inkomste te genereer. Hierdie tipies organisasies kies gewoonlik die mense wat hulle wil hê en wanneer die organisasie suksesvol is, verdien die werkers geld.

Table 4.1

## C. Organisasie en bestuur

‘n Organisasie kan op verskeie maniere bestuur word. ‘n Skool sal byvoorbeeld heel anders as ‘n kerk bestuur word. Laasgenoemde sal weer baie verskil van die bestuur van die plaaslike sportklub. Daar is gewoonlik ‘n groep mense wat in die bestuur dien. Elkeen het ‘n spesifieke afdeling van die organisasie wat hy/sy bestuur. Ons gaan nou jul eie skool as organisasie neem en die bestuur daarvan ontleed.

GEVALLESTUDIE

#### 4.2.5.4 Aktiwiteit 2

#### 4.2.5.5 Om meer te wete te kom oor die bestuur van die skool [LU 3.1]

## DIE BESTUUR VAN DIE LAERSKOOL

Vorm kleiner groepe in jul klas. Beplan nou die nodige **onderhoude** met rolspelers ten einde 'n kort verslag te skryf oor **die bestuur van julle skool**. Lé veral klem op taakomskrywing van die volgende funksionarisse:

- die beheerliggaam;
  - die skoolhoof;
  - departementshoofde;
  - sekretariesse;
  - ouer-onderwysersvereniging;
  - leerdersraad;
  - sportorganiseerde;
  - terreinbestuurder;

Waarom het 'n organisasie 'n bestuur nodig?

#### 4.2.5.6 Aktiwiteit 3

#### 4.2.5.7 Om 'n organisasie te stig [LU 3.1]

#### D. Klasprojek

- Identifiseer ‘n behoefte aan ‘n organisasie binne jul eie klas.
- Stig so ‘n organisasie.
- Formuleer ‘n duidelike doel vir jul organisasie.
- Stel reëls (‘n grondwet) vir die organisasie saam.
- Hou jul eerste vergadering en verkies ‘n bestuur.
- Gee aan elke bestuurslid ‘n spesifieke taak (dit is sy/haar verantwoordelikheid).
- Besluit hoe gereeld die bestuur gaan vergader.
- Besluit hoe jul gaan bepaal of en wanneer julle in julle doel geslaag het.

Sterkte en geniet dit!

#### 4.2.6 Assessering

##### **LEERUITKOMS 3: BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIELLE KENNIS EN VAARDIGHEDE**

Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.1 deelneem aan die bestuur van ‘n klasprojek (beplanning, organisering, leiding en beheer).
- 3.2 onderskei drie verskillende soorte plaaslike sakeondernemings.

#### 4.2.7 Memorandum

##### 4.2.7.1 Bladsy 2

- Leerders beantwoord begrypsvrae met leesstuk op p. 1 as inligtingsbron.
- ‘n Gesprek met ouers of lede van die plaaslike Rotariërvereniging sal baie help ten einde hierdie paraagraaf sinvol te kan skryf.

##### Bladsy 3

International Federation of Red Cross and Red Crescent Societies.

##### Bladsy 4

Opvoeder help om leerders in klein groepe te deel en reël dan onderhoude met lede van die skool se bestuur. Opvoeder gee leiding t.o.v. tipe vrae wat aan die onderskeie funksionarisse gevra kan word.

##### Bladsy 5

Opvoeder lei leerders om ‘n behoefte aan ‘n organisasie te identifiseer. (Hou dit klein – binne klasverband.) Gebruik nou kennis in hierdie module opgedoen om die organisasie van stapel te stuur.

## Attributions

Collection: *Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Graad 4*

Edited by: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/col11085/1.1/>

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Noodsaaklike behoeftes en luukses"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25565/1.1/>

Pages: 1-5

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Hoe ek noodsaaklike artikels kan bekom"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25569/1.1/>

Pages: 5-8

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Die Entrepreneur"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25941/1.1/>

Pages: 9-14

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Dienslewering, vervaardiging en gebruik"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25905/1.1/>

Pages: 14-17

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Hoe die kafee bedryf word"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m26434/1.1/>

Pages: 19-25

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Die kafee en kliente"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m26435/1.1/>

Pages: 26-30

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Wat is 'n organisasie?"  
By: Siyavula Uploaders  
URL: <http://cnx.org/content/m25901/1.1/>  
Pages: 31-34  
Copyright: Siyavula Uploaders  
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Soorte organisasies"  
By: Siyavula Uploaders  
URL: <http://cnx.org/content/m26441/1.1/>  
Pages: 35-38  
Copyright: Siyavula Uploaders  
License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

## About Connexions

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.